KABV

maskew miller learning



GRAAD 2 KERNLEESBOEK

# Platinum

## Afrikaans Huistaal

Jurina Aucamp • Raché de Villiers

EXTRACT PAGES

Maskew Miller Learning
Freedomweg 10, Milnerton, Kaapstad, 7441

© Maskew Miller Learning (Pty) Ltd 2025

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer wor[illegible] inligtingstelsel bewaar word, of versend word in enige vorm of op enige ma[illegible]ier, [illegible] elektronies, meganies, deur fotokopiëring, klankopnames, of andersins, sonder vooraf skriftelike toestemming van d[illegible] kopiereghouer nie.

Om aansoek te doen vir toestemming om enige deel van hierdie b[illegible] te [illegible]eproduseer of aan te pas, kontak die Kopieregspan by 021 532 6000 o[illegible] pos by rightsgranting@mml.co.za. Kopieregskending kan gerappor[illegible] deur 'n e-pos aan copyright@mml.co.za te stuur.

Eerste uitgawe 2025

ISBN: 9781779896285
ePDF-ISBN: 9781834978246

Uitgewer: Ruchelle Lombard
Redakteur: Hennely Nel
Redigering: Marietjie van de[illegible], Rentia Pretorius en Jansie Matthee
Omslagontwerp: MML Visua[illegible] en Wouter Reinders
Omslagillustrasie: Lua[illegible]n
Boekontwerp: MM[illegible]ign
Illustrasies: MM[illegible] Bothma, Chaise Frederick, Daniella van den Heever, Mia van der Merwe, Luan[illegible]fontein, Bianca Louise en Antoinette Marlow
Setwerk: T[illegible]gency
Gedruk d[illegible]r [ ]

EXTRACT PAGES

# Inhoudsopgawe


Klankleerkaart ............................iv

Tema 1: Dit is ek
Ek hou van bak *(Storie)* ..............1

Tema 2: Verhoudings
Ek en my beste maat *(Storie)* .....5

Tema 3: Mense om my
My juffrou *(Storie)* .......................9

Tema 4: Ons help mekaar
Op soek na Kieter Kat *(Storie)* ..13

Tema 5: Seisoene
Lekker somer *(Rympie)*.......[illegible]7

Tema 6: Water
Mense maak nie mooi [illegible]e
*(Inligtingsteks)* .......[illegible].......21

Tema 7: Wilde [illegible]e[illegible]
Hoekom bl[illegible]obbe[illegible]ne?
*(Fabel)*....[illegible]......................26

Tema [illegible]om my
Bl[illegible]s, my [illegible]onie *(Storie)* .............31

Te[illegible]: Vervoer op die grond
Felix se groot droom
*(Advertensie)* ...............................35

Tema 10: Vervoer in die lug
Ek vlieg vir die eerste keer
*(Storie)* ..........................................39

Tema 11: Vervoer op water
Knorrie, die kreefbakkie
*(Storie)* .................................[illegible]4[illegible]

Tema 12: Vervoer wat [illegible]elp
Die ambulans *(St[illegible]e)* ...[illegible].......47

Tema 13: Mense [illegible] veilig hou
Lewensred[illegible]u die see
*(Storie met i[illegible]ng)* ...................51

Tema [illegible]: Mense wat ons gesond maak
[illegible]andarts toe *(Storie)* .................55

[illegible]a 15: Mense wat ons help
Onderhoud met 'n verpleër
*(Onderhoud)* ................................60

Tema 16: Beroepe
Die sanger en die swaeltjie
*(Toneelstuk)* .................................65

Tema 17: My land se mense
Kermis of Bontsand *(Storie met e-pos)*.....................................71

Tema 18: My land se plekke
Wildtuin toe *(Storie met tabel)*...76

Tema 19: My land se gebeure
Braaidag op Vaalharts
*(Koerantberig)*..............................83

Tema 20: My land is uniek
Bewaar ons fynbos *(Gedig)* ......87


EXTRACT PAGES

# Klankleerkaart

**Teks 1: Ek hou van bak**
Hersien enkelvokale en konsonante
Oefen dubbelklanke: ee en oo
Herken woorde wat begin met ge-

**Teks 2: Ek en my beste maat**
Oefen dubbelklanke: aa en uu en diftong: ie
Bou woordfamilies en klankfamilies

**Teks 3: My juffrou**
Oefen diftonge: oe en ou
Oefen letter-klank-verhouding van vierletterwoorde
Identifiseer woorde wat met ge- kan begin
Deel woorde in lettergrepe op

**Teks 4: Op soek na Kieter Kat**
Oefen diftonge ui en ei
Versterk letter-klank-verhouding van vierletterwoorde, rymwoorde
Meervoude met -s en -e
Klankvloei met vl-, br-, tr-

**Teks 5: Lekker somer!**
Oefen eu en hersien ie, oe, ou, ui,
Luister vir rym en klankfamilies
Sinsbou in rympie en meerv[illegible]

**Teks 6: Mense maak [illegible] mo[illegible]ie**
Leer en herken woorde met ooi en aai-klanke
Klankvervanging en woordbou

**Teks 7: H[illegible]af bobbejane?**
Leer en herken eeu- en oei-klanke
Woor[illegible]

**Teks 8: Bl[illegible], my ponie**
[illegible]vloei met bl- en br- en hersiening van t[illegible]kl[illegible]ke: ooi, aai, eeu, oei

**Teks 9: Felix se groot droom**
Klankvloei met dr-, fr- en fl-
Herkenning en meervoude

**Teks 10: Ek vlieg vir die eerste keer**
Klankvloei met gl- en gr-
Herkenning en sinsbou

**Teks 11: Knorrie, die kreefbakkie**
Klankvloei met kl-, kn-, kr-, kw-
Luister na en herken konsonant samevoegings
Lettergrepe

**Teks 12: Die ambulans**
Klankvloei met pl-, pr-, sk-, sl-
Herkenning en woordfamilie[illegible]

**Teks 13: Lewensredders [illegible]**
Klankvloei met sm-, s[illegible] sp-,
Woorde wat met g[illegible] en [illegible] begin
Herkenning en woordfamilies

**Teks 14: Ta[illegible] toe**
Klankvloei me[illegible] sv[illegible], [illegible]-, vl-, vr-
Woorde wat met ge-, be-, ver- begin

**Teks [illegible] Onderhoud met 'n verpleër**
Klankvl[illegible] met spr-, str-, skr-
Woorde wat met ge-, be-, ver- begin

**Teks 16: Die sanger en die swaeltjie**
Eindklanke: -ng, -nk, -lf, -lk, -lg, -lm
Onderskei verskil in woorde met -ng en -nk
Samevoeging van woorde

**Teks 17: Kermis op Bontsand**
Eindklanke: -ns, -nt, -nd, -mp, -ms
Herkenning en meervoude

**Teks 18: Wildtuin toe**
Eindklanke: -rg, -rk, -rm, -rp
en agtervoegsel, -er
Herkenning en meervoude
Woordbou

**Teks 19: Braaidag op Vaalharts**
Eindklanke: -rs, -rt, -rd, -ts
Herkenning en Lettergrepe

**Teks 20: Bewaar ons fynbos**
Hersiening en vaslegging van alle enkelklanke, dubbelklanke en diftonge

EXTRACT PAGES

# Ek hou van bak

## Preleesvrae:

1. Wat bak jy die graagste?
2. Dink jy dat net meisies in die kombuis mag help?

Mila stap voor Sias en Nabeel verby. Sy is vol meel. "Jitte, Mila, het 'n meelsak op jou geval?" lag Sias. "Jy is vol deeg ook!" frons Nabeel.
"Wat het jy en die tweeling gemaak?" vra Sias.
"'n Groot fout!" sê Mila. "Ek trek net gou skoon klere aan, dan vertel ek julle," belowe sy.

**Soek en sê:**

Vind al die woorde met die **-oo-** en **-ee-** klanke op die blad. Sê dit hardop.



**Woordeskat: frons** – 'n plooi tussen jou oë wat wys jy is ontsteld oor iets



EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

"Ek en die tweeling wou koekies bak. Ons het die meel, eiers en botter gemeng," vertel Mila.
"Wat gebeur toe?" wil Sias en Nabeel weet.
"Wel, ons het die resep te vinnig gelees. Ons het die deeg op die stoof gesit om te kook," giggel Mila.
"Ag nee," lag Nabeel, "almal weet tog deeg hoort in die oond!"
"Ja, ons weet dit nou," lag Mila.

**Klap en sê:**

ge-meng, ge-beur, ge-lees, ge-sit



**Woordfamilie:** stoof, kook, hoort, oond

**Luister en herken die dubbelklanke:**

bo-oor, geloop, groot, skoon, voorheen, geleer

"En toe?" vra Sias.
"Die deeg het bo-oor die pot se rand geloop, oor die hele stoof," vertel Mila.
"Ons het groot geskrik!"
"Het julle toe skoongemaak?" vra Nabeel.
"Ja, ons het die stoof en tafel afgevee en die pot gewas. Alles is skoon en net soos dit voorheen was," sê Mila.
"So, wat het jy vandag geleer, Mila?" vra Sias.



EXTRACT PAGES

**Breek die woorde in lettergrepe op:** geskrik, tafel, afgevee, gewas, vandag

“Deeg hoort in die oond en om ’n resep oor en oor te lees!” knik Mila.
’n Stuk deeg val uit haar oor.
Sias en Nabeel skree van die lag.
Mila lag maar saam.



**Klap en sê:**

re-sep

**Soek en vind:**

Woorde met **oo-** en [illegible]klanke op hierdie blad.

## Postleesvrae:

1. Wat het gebeur nadat die deeg oorgekook het?
2. Wat moet Mila volgende keer beter doen wanneer sy bak?

EXTRACT PAGES

# Ek en my beste maat

## Preleesvrae:

1. Was jy al ooit op 'n plaas? Vertel.
2. Waarmee boer mense alles in Suid-Afrika?

Zaan en Karlien is beste maats. Hulle is altyd saam.
"Zaan, ons gaan môre plaas toe. Wil jy saamgaan?" vra Karlien.
"Ja, ek wil graag saamgaan!" sê Zaan.
"Gaaf, dit gaan groot pret wees. Ek is so bly jy gaan saam," lag Karlien.
"Hoe laat ry ons?" vra Zaan.

EXTRACT PAGES



Maak 'n woordfamilie met al die **aa**-woorde op die blad.

Teen tienuur is die maats op die plaas.
"Kom kyk hier in die skuur!" roep Karlien.
Sy stoot die skuur se groot deure oop.
"Ek voel asof iets vir my gluur," sê Zaan.
Sy gaan staan styf teen die muur.
"Ja, dis Dief, ons aap. Hy is suur omdat Pa[illegible]on in die skuur laat bly."



**Sê die klank:**

uu

**Sê die woorde:**

**duur**, **guur**
Soek woorde in die teks wat by hierdie klankfamilie pas.

EXTRACT PAGES



**Woordeskat:** tien+uur = tienuur, dief, styf

"Hoe het hy sy naam gekry?" vra Zaan.
"Hy is lief daarvoor om goed te steel. As my pa vrugte verpak, bly Dief in die skuur."
"Ai, arme Dief. Ons is lief vir jou, Dief!" roep Zaan.
Skielik hoor hulle Pa se stem: "Kom hier, julle. Kom eet iets voor die miere alles wegdra."

**Sê die klank:**

ie

**Klank die woorde:**

D-ie-f, l-ie-f,
ie-t-s, m-ie-re



**Woordbou:**

Vervang die **ee**-klank in steel met die **aa**-klank en maak 'n sin met die woord.

EXTRACT PAGES

Zaan en Karlien hardloop vinnig nader. Pa bring 'n bord met gesnyde vrugte en 'n beker met sap.

"Dankie Pa, dit lyk so lekker!" sê Karlien.

"Eet soveel soos julle wil. Die res kan julle vir ou Dief gaan gee. Hy kan nou maar uitkom. Ek het die pakstoor gesluit," sê Pa.

"Dankie vir alles, Oom, dis baie lekker op die plaas!" sê Zaan. Pa glimlag breed.

**Klap en sê:**

hard-loop, vin-nig, na-der, so-veel, glim-lag

**Voeg woorde saam:**

pak+stoor = pakstoor. Maak nog woorde wat met **pak-** begin.



## Postleesvrae:

1. Waarmee boer Karlien se pa? Gee redes uit die storie vir jou antwoord.
2. Wat bedoel Karlien as sy sê: "Dief is suur"?

EXTRACT PAGES

# My juffrou

## Preleesvrae:

1. Wat doen julle in die klas wat lekker is?
2. Hoekom hou jy van jou onderwyser?

**Sê die klank:** 

oe, ou

Juffrou soek hier en ons soek daar, maar die boek is weg, sowaar.
Wat maak ons nou?
Juffrou is flou gesoek.
Sy roep ons nader en sê:
"Kom ons eet eers 'n stukkie koek."






**Woordbou:**

oe → k
oe → s
oe → p

g → ou
fl → ou
n → ou

EXTRACT PAGES

**Klankvloei:** n-ou, fl-ou, s-oe-k, b-oe-k

My juffrou roep: “Maak gou! Kom kyk wat doen die pou. Die pou is besig om vir sy vrou ’n huisie te bou.” “Bly ’n pou dan nie in die woud nie?” wil ons weet. “Maak oop jou boek en soek,” sê Juffrou.



**Lees en kyk:**

Soek woorde wat rym met **pou** en **koek**

**Klap en sê:**

be-sig, hui-sie, boe-ke, ver-geet

EXTRACT PAGES

My juffrou is baie slim. Sy leer my van woorde wat rym, soos bou en mou.
"Wie kan vir my sê watter woord rym met woud?" wil Juffrou weet.
My hand skiet gou op en ek sê: "Juffrou, Juffrou, dit is koud, of dalk is dit stout?"
Juffrou glimlag en sê: "Ja, of wat van sout?"




**Wat rym met?**

slim → _lim
stout → _oud, _oud
gou → _ou, _ou, _ou

**Klap en sê:**

juf-frou, glim-lag

**Woordbou:**

Watter van hierdie woorde kan met **ge-** begin?
leer, weet, bou, mou, woud, koud, stout, sout

EXTRACT PAGES

My juffrou roep: "Kom sit op die vloer."
Sy weet ons is moeg, maar dit is te vroeg vir huis toe gaan.
Sy gaan haal die boek buite op die stoep. Ons het op die verkeerde plekke gesoek.
My juffrou lees toe vir ons 'n oulike storie van 'n pou met groen en blou vere.



**Verdeel die woorde in lettergrepe:**

buite, verkeerde, oulike, stories, vere

EXTRACT PAGES

**Postleesvrae:**

1. Wat doen die kinders en hul juffrou aan die begin en einde van die storie?
2. Sal jy graag eendag 'n onderwyser wil wees? Hoekom sê jy so?

# Op soek na Kieter Kat

**Preleesvrae:**

1. Waar kan katte orals wegkruip?
2. Hou jy meer van honde of katte? Hoekom sê jy so?

**Sê die klanke:**

ui, ei

Almal is op soek na Kieter Kat.
Amy sê vir Pappa: "Ek het gister vir Kieter Kat gesien. Hy was besig om 'n klein bruin duifie in die vlei te bekruip."
Miskien sit hy nog daar by die vlei en wag vir die duif.
Kieter Kat is nie in die vlei nie.



**Sê die woorde:**

duif – duifie – duiwe

EXTRACT PAGES

“Dalk het Kieter Kat saam met ’n muis op die trein geklim,” sê my boetie, Leo.
“Kieter Kat is mos mal oor reis,” sê Pappa.
“Ja, dalk sit hy saam met die muis en brei terwyl hy aan sy volgende treinreis in Mei dink,” sê Amu.
Kieter Kat is nie in die vlei nie en ook nie op die trein nie.

EXTRACT PAGES



**Woordbou:**
Maak nog woorde wat rym met: **rei**s en **mui**s

**Sê die woorde:**
muis, trein, reis, brei



**Woordeskat:** Maak sinne met r**y**s en r**ei**s.

"Ons kan vir Kieter Kat lok met 'n stukkie vleis," sê Leo.
"As hy dit ruik sal hy dink dis 'n duif of 'n muis," sê Pappa.
"Wat as hy in Mamma se sak geduik het?" wonder Amy.
Kieter Kat is nie in die vlei nie.
Hy is nie op die trein nie en ook nie in Mamma se sak nie.

EXTRACT PAGES






**Woordbou:**

d ← → s
ui
m ← → k

vl + ei + _
r + ei + _
br + ei + _
tr + ei + _

**Klap en sê:**



ge-duik, stuk-kie

**Woordeskat: wonder** – iets wat jy dink

"Daar sit Kieter Kat!" roep Leo.
Al wat hulle sien, is sy vuil lyf.
"Ons sal vir Kieter Kat moet bad," sê Amy.
"Hy ruik sleg en sy lyf is vol modder," sê Leo.
Kieter Kat is nou skoon en sy klein lyf blink in die son.



**Sê die woorde:**

vuil, klein

## Postleesvrae:

1. Waar, dink jy, was Kieter Kat?
2. Hoe lyk dit as 'n kat iets bekruip?

**Woordeskat:** Maak woordwolke met woorde wat klink soos **duif** en **reis**.



EXTRACT PAGES

# Lekker somer!

## Preleesvrae:

1. Van watter seisoen hou jy die meeste? Hoekom?
2. Wat doen jy om veilig te bly in die warm somerson?

Somer is die tyd van die jaar
wanneer almal buite baljaar.
Dit is die warmste seisoen,
ons weet al wat om te doen.
Ons neem beurte om af te koel,
een vir een in 'n reuse poel.

**Sê die klank:**

eu



EXTRACT PAGES

Die seuns speel lekker op die strand.
Die son kan hulle velle brand.
Die reusebranders in die see
kan hulle onderstebo vee.
Een seun staan en kreun op die sand,
’n bloublasie het hom gebrand.



**Sê die woorde:**

**strand, brand, see, vee**

Wat hoor jy?

EXTRACT PAGES



**Woordeskat: baljaar** – speel uitbundig



Blomme beur oral uit die grond,
met kleure so vrolik en bont.
Ek hou van die reuk van rose,
ook perskes en appelkose.
Voëltjies maak nes in die geute
en ons kraak sakke vol neute.



EXTRACT PAGES

**Sinsbou:**

Lees en klap elke reël in die rympie.
Wat kom jy agter?
Maak nog twee reëls oor die somer.
Dit moet ewe lank wees en rym.

**Woordbou:** Maak 'n woordwolk van al die **eu**-klank woorde.

’n Somer vol pret se leuse:
smeer sonroom aan julle neuse.
Dra altyd ’n hoed of ’n pet.
Speel onder ’n boom of skadunet.
Somer is ’n seisoen van kleure,
soet vrugte, oop vensters en deure.







**Woordbou:**

Soek die **rympare** (woorde wat rym) op hierdie bladsy.
Soek drie **meervoude** op hierdie blad.

EXTRACT PAGES

**Postleesvrae:**

1. Beskryf die seisoen somer in drie sinne.
2. Wat is die verskil tussen somer en winter waar jy woon?
3. Hou jy meer daarvan om ’n storie of ’n gedig/rympie te lees? Verduidelik.

# Mense maak nie mooi nie

## Preleesvrae:

1. Weet jy wat besoedeling beteken?
2. Kyk na die prent hieronder. Wat is verkeerd?
3. Wie besoedel ons water?

**Sê die klanke:**

ooi, aai



**Woordbou:**

Skryf al die konsonante van die alfabet (nie c, q, x, y, z) onder mekaar. Skryf dan **ooi** of **aai** langs die letter. Hoeveel woorde kon jy maak?

**Woordeskat: besoedeling** beteken om iets vuil te maak, te bemors of te besmet.

EXTRACT PAGES

**Wie of wat besoedel ons water?**

Mense wat rommel strooi of afval in die veld en langs paaie gooi.



Die wind wat rommel daarin waai.



Mense wat h… klere of hul…elf … riviere …



Fabrieke wat vuil water in riviere pomp.



EXTRACT PAGES



**Woordeskat: rommel** – afval, vullis, gemors

Groot skepe wat olie en afval in die see stort.

Boere wat gif op hul saailande spuit, besmet die water onder die grond.





**Luister en herken die klank:**

strooi, paaie, gooi, waai, saailande

Wys die woorde in die teks uit.

Mense buite die stad bly naby riviere en damme. Hulle kan nie net 'n kraan **oopdraai** om water te kry nie. Daar kom nie mense om vullis op te **laai** nie. Dit is nie lank voor die **fraai** omgewing nie meer **mooi** is nie.



EXTRACT PAGES

**Woordeskat: besmet** – maak siek of vuil; **fraai** – iets wat baie mooi is

Al die **taai** gemors in riviere beland in die see. Seediere **draai** vas in visnette en vislyne. ’n **Haai** dink miskien ’n stuk plastiek is **prooi**. **Raai** wat gebeur as hy dit sou eet?



EXTRACT PAGES

**Woordbou:**

Vervang die **aai**-klank met die **ooi**-klank in hierdie woorde. Maak dan sinne met die nuwe woorde: **taai**, **laai**, **maai**, **haai**, **raai**



**Woordeskat: prooi** – iets wat gejag en gevang word om te eet

**Jy kan help:**
Sorg dat jy nie vullis **strooi** nie. Maak **lawaai**! Praat **mooi** met maats en wys waarin mens rommel moet **gooi**. As jy **braai** by 'n dam, moet **nooit** jou afval daar los nie. Vind uit waar jy kan help om op te ruim. **Nooi** jou klas om te help herwin. Vind uit waar om groot stukke rommel af te **laai**.



## Postleesvrae:

1. Hoekom is plastiek in die see so gevaarlik?
2. Wie se werk is dit om ons riviere en damme skoon te hou?
3. Hoe kan 'n mens minder plastiek gebruik?

**Woordfamilie:**

4. Vind al die **aai**-woorde in die teks en groepeer in 'n woordwolk.
5. Vind al die **ooi**-woorde in die teks en groepeer in 'n woordwolk
6. Voeg twee van jou eie vierletterwoorde met ooi- en aai-klanke by jou woordwolke.

**Kombineer konsonante:**

7. Kyk na die woorde **str**ooi en **br**aai. Soek nog woorde in die teks met twee of meer konsonante voor die ooi- en aai-klank. Skryf dit by jou woordwolke.

EXTRACT PAGES